basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V2

## FEBRUARIE/MAART 2015

## MEMORANDUM

**PUNTE: 80**

**Hierdie memorandum bestaan uit 26 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**NASIENRIGLYNE**

1. As ’n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. **(Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)**
2. As ’n kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.
3. As ’n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. As ’n kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.
4. As ’n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
5. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.
6. As ’n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelfout nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.
7. *Literêre opstel*
   As die opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat hy/sy, hom-/haarself gepenaliseer het. As die opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener. Die memorandum is slegs ’n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die literêre opstelle na te sien.
8. *Kontekstuele vrae*
   As ’n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar ’n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
9. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
10. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/motivering/bewys verdien die punt.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: GEDIGTE

### VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL ’n tipe epistemologie van water – Breyten Breytenbach

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR DIE LITERÊRE OPSTEL: POËSIE** nagesien.

**LET WEL:**

- Dis ’n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Die kandidaat hoef nie aanhalings te gee nie, maar moet wel uit die teks motiveer.

Die kandidate voorsien die literêre opstel van ’n gepaste inleiding, bv.

- Die uitwerking van ’n vloed op mens en dier word in die gedig beskryf.

- Die inhoud van die gedig handel oor die vernietigende effek van reën terwyl die titel *epistemologie van water* op die studie/kennis van die vernietigende effek van water dui./Versreël 14–15*: ’n flottielje vlotte saamgeflans in nood en vrees vir die dood*
- ’n Atmosfeer van angstigheid/bangheid/somberheid/onheil/doodsheid heers in die gedig wat deur die b-alliterasie en ui-assonansie ondersteun word./Versreël 7: *... omgeb<u>ui</u>gde boomkr<u>ui</u>ne ...* /Versreël 12: *... <u>b</u>randertoppe was <u>b</u>esaai ...*
- Die krete wat die mense maak (die aanhoudende noodkrete wat gehoor word) dui op ’n magtelose/ontredderde atmosfeer want *eoniese* beteken om lank aan te hou en arpeggios is die verskillende toonhoogtes van die krete; die nood hou nie op nie./Versreël 17–18: *arpeggios eoniese krete en verwyte en jammerklagte uiter.*
- Die mens kan hom nie teen die reën verweer nie, want die reën val so hewig dat dit soos skewe skaduweetinte lyk./Versreël 1–2: *gietende reën skeef gearseer*
- Die weerligstrale word metafories met vuur vergelyk omdat dit die hewigheid daarvan beklemtoon./Versreël 3–4: Dit was getint in *vuur se kleure voortgebring uit bliksemskigte*
- Die hewigheid van die storm en die diepte van die watervloed word aangetoon deur die beeld van die omgebuigde boomtoppe wat bokant die diep water sigbaar is./Versreël 6–7: *waar dié ontbloot is het die omgebuigde boomkruine sigbaar geword in die dieptes ...*
- Die weerloosheid van die mens word deur die woordkeuse uitgelig, want *saamgewriemel* beteken dat die mense sonder plan op die hoogliggende dele bymekaarkom of krioel om van die vloed te ontsnap./Versreël 8: *saamgewriemel op die baie bergspitse*
- Die mens se magteloosheid word uitgelig deur die voorwerpe op te noem wat in die vloed dryf./Versreël 12–14: *tafels, katels, arke, balies, kosyne, stompe, karavane, vrieskaste, kateders, kroegtoonbanke en ’n flottielje vlotte*
- Die digter maak van beskrywende woorde gebruik om die dood mee uit te hef, want ’n glibberige/gladde dood is die gevolg van die watervloed./Versreël 16: *so glibberig, so log*
- Die herhaling van die woorde /Versreël 20: *laat rol laat rol laat rol het*, beklemtoon dat die watervloed aanhou en nie eindig nie/dit beklemtoon die rollende waters.
- Die herhaling van woorde in die slotreël hef die sikliese gebeure uit, want elke keer as daar ’n watervloed is, is die mens en dier weer uitgelewer./Versreël 21–22: *mompeling van dooie vleis weer en weer*

Die kandidaat voorsien die literêre opstel van ’n slotparagraaf, bv.

- Die atmosfeer, woordgebruik en titel van die gedig sluit by die beskrywing van ’n vloed aan.

**10**

**OF**

**VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG Sonsverduistering – PJ Philander**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 2.1 | Omarmde rym √<br>aa-assonansie √<br>s-/d-alliterasie √ | 3 |
| 2.2 | “dreigend”/”swart” √ | 1 |
| 2.3 | Die woord sluit by die heen-en-weer-beweging van die donkies aan./<br>Die woord pas by die metrum aan. √ | 1 |
| 2.4 | Onomatopee/klanknabootsing. √<br>“geruisloos” √ | 2 |
| 2.5 | Die diere wat as dom bestempel word, is slim genoeg om hul instink te volg en huiswaarts te keer wanneer gevaar dreig √ , terwyl die mens met sy intellek nie die tekens van die dreigende gevaar opmerk en huiswaarts keer nie./<br>Die mens het nie dieselfde voorgevoel as die domste diere om na veiligheid te keer indien gevaar dreig nie. √ | 2 |
| 2.6 | Ja.<br>Die mens is nie bewus daarvan dat hy in die duisternis van die sonde lewe nie. √<br><br>Nee.<br>Die mens is nie so onkundig soos wat die spreker dink nie. | 1 |
| | | **10** |
| | **OF** | |

**VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG Die skedel lag al huil die gesig – Wilma Stockenström**

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Die mens se sterflikheid/verganklikheid/dood/geraamte. √ | 1 |
| 3.2 | "weet" √ | 1 |
| 3.3 | Personifikasie √<br>"... om ons arms diep soos skagte te sink"/<br>"die grys erts te gryp en op te trek," √ | 2 |
| 3.4 | Dit verander van bewondering teenoor die mens wat opbou na bespotting/verwondering dat die mens homself deur sy eie vermoë kan vernietig. √<br><br>Die mens is ook slim genoeg om homself te vernietig./<br>Die beleggings word in kluise gepak en nie vir die mensdom aangewend nie./Die mensdom word gespot omdat hy rykdom versamel./<br>Die mens kan nie die dood ten spyte van sy/haar wonderlike vermoëns oorwin nie. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige twee motiverings vir een punt elk aan.* | 1<br><br>2 |
| 3.5 | Beklemtoning van die mens as verganklike/sterflike wese./<br>Die mens is tot ondergang gedoem./Die mens se ondergang is in homself opgesluit. √ | 1 |
| 3.6 | Die mens kan so vinnig as wat hy skep, ook vernietig. √<br><br>Ek stem saam met die spreker, want die mens vernietig die natuur orals waar hy gaan./<br>Ek stem nie saam nie, want die mens skep vinniger as wat hy vernietig. √ | 1<br><br>1 |
| | | **10** |

**OF**

**VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG staat – Niel van Tonder**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | Tersine /terset √ | 1 |
| 4.2.1 | 'n Land/regering/bestel/groep mense/toestand √ | 1 |
| 4.2.2 | "krap" √<br><br>Ja.<br>Aangesien 'n dooie krap/krap wat deur miere ingeneem is, se dop ongeskonde kan lyk soos wat die regering oënskynlik in *staat* lyk./die krap wel steeltjiesoë het wat op waaksaamheid kan dui. √<br><br>**OF** | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| | Die metafoor is nie doeltreffend nie, want 'n krap beweeg wel en is nie roerloos soos wat die staat in die gedig is nie. √<br><br>*Die kandidaat gee sy eie motivering binne konteks van die gedig.* | 1 |
| 4.3 | Die krap gee voor om waaksaam te wees/sy steeltjiesoog roer slegs met tye om moontlike gevaar raak te sien, tog het die krap nie die gevaar raakgesien nie. √<br>Terwyl die krap waaksaam voorkom, het 'n swart mierbataljon tog daarin geslaag om die krap binne te dring/te vernietig. √<br><br>"parate pantser (binnegekom)" √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 4.4 | Geen vaste versreëllengte/min leestekens/geen hoofletters nie. √<br><br>*Die kandidaat kan nie die antwoord "geen vaste strofebou" gee nie.* | 1 |
| 4.5 | Regerings/diegene wat in bestuursposisies staan, moet waak teen selfvoldaanheid/onbekommerdheid. √<br><br>Wanneer jy jouself isoleer/passief is, is dit maklik om tot 'n val gebring te word. √ | 1<br><br>1 |
| | | **10** |

**EN**

**VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG Groet – Carol Clarke**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | Die inhoud handel oor die afskeid van 'n troeteldier en die titel is *Groet* . √ | 1 |
| 5.2 | Alliterasie/r-alliterasie √<br><br>Dit maak die stemming nog meer hartseer./Dit intensiveer die hartseer. √ | 1<br><br>1 |
| 5.3 | Deur die leestekens./Deur die komma en die punt. √ | 1 |
| 5.4 | Die beletselteken dui aan dat die dier nou ingespuit word./dat die dier nou geleidelik aan die slaap raak./<br>Die oomblik van afskeid is, wat die spreker betref, ontroerend. √ | 1 |
| 5.5 | Koeplet √<br><br>Die oomblik wat hul groet, word so beklemtoon./<br>Die hoogtepunt van die gedig word uitgehef. √ | 1<br><br>1 |
| 5.6 | Die spreker kan nie meer die seer van die dier aanskou nie./<br>Emosies oorweldig die spreker.√ | 1 |
| 5.7 | Die spreker beskryf dit as 'n soektog na 'n haas of tarentaal./<br>'n Nuwe lewe word aangebied. √ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 5.8 | Die meeste mense moes al so afskeid neem van 'n troeteldier en ken dus die pyn daarvan./Die spreker beskryf die afskeid so goed dat dit voel asof dit jy is wat afskeid neem. √ | 1 |
| | | **[10]** |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

### VRAAG 6: LITERÊRE OPSTEL *Die kwart-voor-sewe-lelie* – Eleanor Baker

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR DIE LITERÊRE OPSTEL: ROMAN EN DRAMA** nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Die kandidaat hoef nie aanhalings te gee nie, maar moet wel uit die teks motiveer.

Die kandidaat verskaf sy eie inleidingsparagraaf, bv.

- Iris het op 'n reis gegaan om vir Kara en Peter te gaan kuier en sy het as volwasse jong vrou na Suid-Afrika teruggekeer.
- Peter het vir Iris uitgenooi om vir hom te kom kuier, want in sy laaste twee poskaarte het hy daarop begin aandring dat sy moet kom kuier./Bl. 77: *Miskien was hy net te kripties en het net ek verstaan wat hy eintlik wou sê. In die laaste twee het hy weer begin aandring dat ek moet kom kuier.*
- Iris het besluit om by Peter in Amerika te gaan kuier, want sy wou haar vlerke sprei./Bl. 86: *Ek weet wat ek doen en ek wou buitendien altyd oorsee gegaan het.*
- Iris het besluit om oorsee te gaan, want sy wou onder Frederik se verwytende oë uitkom/Frederik het meer van hul verhouding verwag as wat sy kon gee./Bl. 79: *Sy aantreklike, bedorwe gesig het my finaal laat besluit; in my etensuur het ek my plek gaan bespreek.*
- Iris het gevoel dat dit tyd is om te blom, want sy het geglo dat sy die een, unieke geleentheid moet aangryp./Bl. 87: *Ek wil gaan kyk hoe lyk dit daar.*
  *Buitendien, ek gaan eers vir Kara kuier. Onthou jy nie wat Ma altyd gesê het nie? 'n Iris blom net een keer per jaar, Ek is aan die oud word en dis tyd dat ek blom.*
- Iris wil die lewe ervaar, want sy sê aan Billy dat sy die lewe goed of sleg wil ervaar./Bl. 105: *Maar as ek in my hotelkamer bly sit, gaan ek niks ervaar nie. Nie goed of sleg nie. Dan kon ek net sowel by die huis gebly het. Ek moet iets ondervind wat ek vir Ma-hulle en Johanna kan vertel.*
- In Parys raak Iris bewus van 'n intense verlange na iemand om haar lief te hê, omdat sy Claude en Kara se liefde waarneem/sien hoe liefdevol hulle teenoor mekaar optree./Bl. 91: *Kara het teruggeleun teen die kussings en haar hand teen sy wang gehou, 'n gebaar so vol liefde dat ek vinnig weggekyk het, meteens hol van verlange na Peter en iemand van my eie om lief te hê.*
- In Parys kry Iris meer selfvertroue/haar ego 'n hupstoot, want sy word vir 'n model aangesien/Kara vertel haar dat sy wel mooi is./Bl. 93: *"Dis waar, weet jy. "*
  *… "Jy het daardie soort gesig. "*
- In Parys maak Iris met die Engel kennis, want hy gaan haar later in die roman vrae vra wat tot haar besinning bydra./Bl. 178: *"Wat wil jy met hulle doen? " "Ek weet nie." "Jy is nie lief vir Frederik nie." Ek het gesug. "Ek weet. Dis oor Peter wat ek wonder."*
- Iris, wat met haar aankoms in Amerika self moet regkom, leer lesse by die mense wat sy ontmoet, want Peter is nie daar om haar te ontmoet nie./(I) Bl. 97: *Sielsallenig in hierdie stad. Wat moet ek doen?*

- Iris leer dat nie alle mense wat sy ontmoet, bymotiewe het nie, want in die koffiewinkel het die Engel aan haar gesê om nie ander mense te wantrou nie./Bl. 99: *Hy sou my natuurlik begelei, so behulpsaam soos kan kom en nes ek die geld in my hand het, sou hy my besteel./*Bl. 99: *"Moenie alle mense wantrou nie."/"as die Engel my dan wou uitlewer aan die eerste beste rokjagter in die stad, was ek my koulike hande in onskuld."*
- Iris leer die les by Billy dat nie alle mans vertrou kan word nie./Bl. 105: *"En dit bring my terug na die man. Jy moet versigtig wees. Ek ken hierdie stad. jy's 'n kind hier. Dis alles goed en wel dat jy wil blom, maar gestel die man spit jou uit?"/*Bl. 107: *Billy het my voor die hotel afgelaai, … en my gemaan om weg te bly van vreemde mans.*
- Iris leer van die vuurhoutjieversamelaar dat almal, ook hy, 'n lewenstaak kan hê, want hy beskou dit as sy taak om vuurhoutjiedosies tussen die gemors in die asblikke bymekaar te maak, skoon te maak en te kyk waar dit tussen die res van sy versameling inpas./Bl. 123: *Dan pars ek dit en kyk waar dit inpas tussen die res.*
- Iris se eiewaarde het toegeneem, Iris het vir Joe ontmoet wat baie opgewonde oor haar was in teenstelling met haar gesin wat haar as 'n glips beskou het./Bl. 119: *Elke fotograaf droom van so 'n ontdekking*.
- Iris besef dat sy tog vir Peter omgee, want sy voel onredelik jaloers op die vaal en lelike Marie./Bl. 134: *"Was jy bly dis net 'n droom toe jy wakker word?" het hy gevra en my aan die arm gevat. "Verskriklik," het ek gesê en die Engel hoor lag.*
- In Vermont het Iris se houding teenoor kinders verander, want waar sy aanvanklik gesê het dat sy nie veel van kinders weet nie, het sy nou besef dat sy die interaksie met die kinders geniet./Bl. 158: *Ek het hulle toegemaak en op die voorkop gesoen en besef dat ek dit nogal geniet het om huis-huis te speel met twee regte kinders.*
- Iris kom tot die besef dat sy haar eie lewe kan beplan, want sy neem die Engel se woorde om haar eie toekoms te droom, ter harte./Bl. 179: *"Droom dit op en kyk of jy daarvan hou."*
- Iris besef dat jy nie op een blomoomblik kan wag nie, want jou lewe bestaan uit verskillende blomoomblikke./Bl. 187: *My lewe bestaan uit onsamehangende flardes.*
- Iris kom tot die insig dat sy verhoudinge met haar aanstaande skoonfamilie moet bou, want dit hang van haar af om hulle beter te leer ken./Bl. 195: *My Nuwejaarsvoorneme ... was om my aanstaande skoonfamilie te leer ken. Ma het ook gedink dit was wys.*
- Iris het besef dat 'n troue nie so romanties hoef te wees as wat sy dit in haar fantasieë voorgestel het nie, want sy en Peter wou sommer stil trou./Bl. 206: *Ons troue was 'n verlore saak van die begin af. Ek en Peter wou stil trou en voortgaan met ons lewe ..."*
- Iris twyfel nie meer of Peter die regte man vir haar is nie, want sy sê aan die Engel dat sy regtig nie sonder hom kan klaarkom nie./Bl. 209: *Sonder Peter kan ek tog regtig nie klaarkom nie.*
- Iris se eiewaarde neem toe, want sy leef nie meer in haar susters se skadu nie/haar susters se lewens is nie meer vir haar deja-vu soos aan die begin van die roman nie./Bl. 211: *Tussen my susters se verbete vrugbaarheid het ek en Peter rustig voortgeleef sonder om te vermeerder.*
- Iris kom tot die insig dat jou lewe nie by 'n gefantaseerde plan kan hou nie, want haar toekoms is anders as die een wat sy gedroom het./Bl. 188: *Dit was vyf jaar gelede en tot dusver het die toekoms - of die entjie wat ons gevorder het - by geen voorspelbare of gefantaseerde plan gehou nie. Om mee te begin, het my enkel skeef aangegroei …*
- Iris besef dat die hoogtepunt in jou lewe ook ongesiens kan kom, omdat niemand dit hoef op te merk nie./Bl. 195: "*Party mense blom ongesiens," het hy gesê.* "*So onverwags dat niemand dit eers opmerk nie."* "*Soos Ma se lelie."*
- Iris besef dat daar nie plek vir haar fantasieë is nie, want dié is nie teen Peter opgewasse nie./Bl. 213: *Hy was snaakser, warmer en meer dimensioneel as die spookbeelde waarmee ek my jeug omgedroom het.*

- Iris kom tot die insig dat sy in haar jeugjare te veel in haar fantasieë geleef het, want sy noem dat sy haar jeugjare omgedroom het./Bl. 213: *die spookbeelde waarmee ek my jeug omgedroom het.*
- Iris besef dat haar toekoms 'n verrassing is, want sy weet nie en hoef nie te weet wat dit inhou nie./Bl. 218: *Wat die toekoms verder vir ons inhou, weet ek nie en verklik die Engel ook nie.*
- Iris kom tot die insig dat sy geduldig moet wees, want sy wag in haar tuin vir die lelie om te blom in plaas daarvan om na geleenthede te gaan soek./Bl. 220: "*Wees geduldig." … "Dis amper tyd."*

Die kandidaat voorsien sy literêre opstel van 'n gepaste slotparagraaf, bv.

- Op haar reise en tuiskoms ontwikkel Iris van 'n jong dogter na 'n volwasse vrou met meer insig.

**25**

**OF**

**VRAAG 7: KONTEKSTUELE VRAAG D*ie kwart-voor-sewe-lelie* – Eleanor Baker**

| | | |
|---|---|---|
| 7.1 | Sy gaan óf saam met hom Vermont toe vir Kersfees óf sy aanvaar die modelkontrak en hy gaan sonder haar. √ | 1 |
| 7.2 | Peter sê dat hy nie in haar pad gaan staan nie, maar hy staan juis in haar pad deur die ultimatum te stel./<br>Sy optrede dui duidelike afkeur van haar eie planne terwyl hy veronderstel is om haar te ondersteun. √ | 1 |
| 7.3 | Deur die ultimatum wat Peter stel, boelie hy vir Iris om nie die modelkontrak aan te gaan nie √<br><br>Vir Joe/die modelagentskap √<br><br>Peter het nie regverdig opgetree nie, want hy het net aan homself gedink./<br>Iris kon 'n bekende model geword het.<br><br>**OF**<br>Peter het regverdig opgetree, want Iris mors sy tyd. Sy kom nie tot 'n besluit nie.√ | 1<br><br>1<br><br><br><br><br><br>1 |
| 7.4 | Elke mens het een geleentheid gekry om sy ideale te verwesenlik/om een keer in sy lewe te blom/om 'n volmaakte moment te beleef. √ | 1 |
| 7.5 | Dienares van hoëre gode/die lelie wat net een keer blom√ | 1 |
| 7.6 | Beslistheid/Nie tyd vir nonsens nie./Bedagsaamheid/Selfsugtigheid. √ | 1 |
| 7.7 | Peter hou die romantiese sneeu- en kaggelruimte wat Vermont hulle gaan bied voor, terwyl Iris daar die teenoorgestelde ervaar wanneer hulle die motor in ysige koue uit die sneeu moes grawe/sy haar enkel breek./<br>Bettie se waarskynlike selfmoord./<br>Sy en Peter het nie tyd saam spandeer nie.√√ | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.8 | Hy gebruik nie graag kras taal nie/hy hou nie daarvan om te vloek nie. √ | 1 |
| 7.9 | Sy kan 'n blomtyd/geleentheid om saam met die man wat sy liefhet te wees, misloop. √<br>Die Engel word 'n hemelse belastingbetaler genoem, 'n hemelse wese wat tussen die mense op aarde werk, soos wat hy nou vir Iris bystaan./'n Hemelse belastingbetaler is reeds in die hemel soos wat die Engel is. √ | 2 |
| 7.10 | Nee. Sy kry die geleentheid van 'n leeftyd, iets waarna sy so hunker en uit selfsug probeer hy haar dwing om daarvan af te sien. √<br>**OF**<br>Ja. Hy is moeg gewag om haar sy vrou te maak/bang hy sal haar verloor as sy die modelkontrak aanvaar./Daar kan nog baie ander geleenthede oor haar pad kom.√ | 1 |
| 7.11 | Sy huwelik met Iris/<br>'n Eie huis met vrou en kinders./sy beroep √ | 1 |
| 7.12 | Hy is lief vir haar en wil haar vir altyd by hom hê./<br>Hy wil met haar trou./<br>Hy wil net sê dat hy nie altyd kan wag nie. √ | 1 |
| 7.13 | Ja, baie mense het al getuig van beskermengele wat hulle uit situasies gered het./<br>Christene glo dat Engele hulle bewaar./<br>Die Engel het 'n stofstreep op haar bed laat staan. √√<br>**OF**<br>Nee, dit is 'n bygeloof net soos dat spoke bestaan./<br>Die Engel tree op as Iris se gewete en is dus nie 'n werklike engel nie. √√<br>*Kandidaat kan enige TWEE antwoorde gee.* | 2 |
| 7.14 | Iris het ook nie die lewe baie ernstig opgeneem nie.<br>Sy het haar eie verbeeldingsvlugte gehad.<br>Sy het ligtelik gelewe en kon daardeur "vlieg"/ontsnap van die werklikheid. √√√ | 3 |
| 7.15 | Iris is 'n buitestaanderfiguur, wat soos die lelie teenwoordig is, maar nie erken word nie, en niks groots/dramaties gebeur in haar lewe nie./<br>Net soos die lelie die hoek vol maak, staan Iris ook in 'n hoek/eenkant/nie deel van die groot tuin nie./<br>Iris wag nog op haar groot oomblik, haar blomtyd, net soos die lelie vir die een keer in 'n jaar wag. √√<br>*Die kandidaat dui albei kante van die ooreenkoms aan vir twee punte.* | 2 |
| 7.16 | "As ek my oë geknip het, het ek dit gemis, so vinnig gebeur dit." √ | 1 |
| 7.17 | Die heelparty knoppe aan die stingel dui op meer as een blomtyd in Iris se lewe. √ | 1 |
| | | **25** |

**OF**

**VRAAG 8: LITERÊRE OPSTEL** ***Manaka plek van die horings*** **– Pieter Pieterse**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR DIE LITERÊRE OPSTEL: ROMAN EN DRAMA** nagesien.

**LET WEL:**

- Dis ’n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Die kandidaat hoef nie aanhalings te gee nie, maar moet wel uit die teks motiveer.

Die kandidaat voorsien die literêre opstel van ’n geskikte inleiding, bv.

- Baas se oupagrootjie speel ’n belangrike rol in sy besluit om na Manaka te gaan.
- In die woude van Houtboschberg groei die beeld van sy oupagrootjie tot groter as lewensgroot, want Baas probeer om met elke tree in die spoor van sy oupagrootjie, van wie hy uit familievertellings leer, te trap./Bl. 10: *... maar in sy gedagtes groei die beeld van sy oupagrootjie tot groter as lewensgroot.*
- Die feit dat Baas soos sy oupagrootjie lyk, albei is lank en rankerig gebou, het ’n invloed op Baas as laerskoolkind./Bl. 10: *Op laerskool reeds is dit duidelik dat hy, soos sy oupagrootjie, lank gaan wees, rankerig gebou, met breë skouers wat effens vooroor buig*
- Baas droom oor Barotseland omdat hy ’n groot bewondering vir sy oupagrootjie gehad het./Bl. 10: *... in sy gedagtes groei die beeld van sy oupagrootjie geleidelik tot groter as lewensgroot. Hy kry nie genoeg van die familievertellings oor sy voorsaat nie*
- Baas trap in sy oupagrootjie se voetspore aangesien albei jagters is./Bl. 10: *Wanneer hy naweke saam met sy pa, oom Baas, nefie Baas, oupa Baas en Ngwako gaan jag, voel hy dikwels dat hy met elke tree in die spoor van sy oupagrootjie trap.*
- Baas se oupagrootjie het gereeld Bybel gelees en so het Baas ook in sy oupagrootjie se Bybel gelees wanneer hy vasgekeerd voel./Hy verkies om sy oupagrootjie se Bybel saam te vat en nie sy ma s’n nie./Bl. 12: *Die gedeelte wat Baas in hierdie tyd dikwels hardop uit sy oupagrootjie se verweerde Bybeltjie met die bruin leeromslag lees, is die Psalm wat mense graag lees wanneer hulle eensaam is of vasgekeer voel.*
- Baas het deur die honde wat hy aanhou ’n band met sy oupagrootjie, want hy noem sy honde, nes sy oupagrootjie Brindle./Bl. 7: *Gewapen met sy agtpondergeweer en vergesel van Brindle, sy Ierse terriër, trek hy saam met verskeie transportryers noordwaarts.*/Bl. 13: *Op Louis Trichardt ... slaap hy en sy hond Brindle alleen by ’n vuurtjie van dennestokkies in ’n plantasie teen die hang van die Soutpansberg.*
- Baas vervul sy droom om in sy oupagrootjie se voetspore te trap, want hy besluit om net soos sy oupagrootjie na Manaka te gaan./(Bl. 11: *... voel hy dikwels dat hy met elke tree in die spoor van sy oupagrootjie stap./*Bl. 14: *die Bo-Letaba nie die Zambezi nie, bosvarke in die klowe langs die Tsikitsaneriviertjie nie lewensgevaarlike buffelbulle nie ...*
- Net soos wat sy oupagrootjie buffels gejag het vir vleis, het Baas ook op Manaka vir Morena/’n buffel geskiet./Bl. 237: *Met die tweede skep van die horing kry Baas 'n trompopskoot op die dwarste in.*/Bl. 174: *O, die ou buffeljagter? Ja, hy was my oupagrootjie.*
- Baas versorg die bougainvillea wat sy oupagrootjie op Manaka geplant het, maar dit is ook die teken dat hy Manaka nes sy oupagrootjie in stand wil hou./Bl. 36: *By die hospitaal laai hy ’n groot voorraad chlorokien en by die ysterwarewinkel ’n sakkie kunsmis vir sy oupagrootjie se bougainvillea.*

- Manaka begin mettertyd lyk net soos in sy oupagrootjie se tyd, want Baas herstel die bankies onder die worsboom./Bl. 244: *Meneer Johnnie help hom om die planke en die stutpaaltjies te verf vir die bankies wat onder die worsboom gebou moet word.*
- Baas se oupagrootjie het die gebied met wildskoppe afgebaken, wat Baas ook gedoen het toe hy Morena se horings vasgekap het as teken dat hy op Manaka gaan bly./*My oupagrootjie het sy kamp met wildskoppe afgebaken./*Bl. 244: *By sy kamp dra Baas Morena se horings teen die bult uit en slaan dit bokant Manaka se naambord teen die stutpaal vas.*
- Baas se oupagrootjie het net soos Baas hul name op 'n boom gekerf om hul eienaarskap/woonreg aan te toon./Bl. 210: *Hy kerf nog 'n naam onder sy oupagrootjie se naam in die sagte bas uit: Baas Chipman.*
- Baas se oupagrootjie het 'n groot rol in sy lewe gespeel. maar Baas wou slegs in sy voetspore volg t.o.v. die boot-droom wat hy wil laat herleef./Bl. 30: *Baas vertel dat hy kom vasstel het tot waar 'n mens met 'n groot boot kan vaar, want eendag wil hy 'n pontboot bou.*

Die kandidaat voorsien die literêre opstel van 'n gepaste slotparagraaf, bv.

- Stadigaan begin Manaka lyk soos in Baas se oupagrootjie se tyd, daar is bankies onder die worsboom, die bougainvillea blom en 'n jagtrofee teen die boom as teken dat Baas gekom het om te bly.

**25**

**OF**

**VRAAG 9: KONTEKSTUELE VRAAG** ***Manaka plek van die horings*** **– Pieter Pieterse**

| | | |
|---|---|---|
| 9.1 | Baas het nog nie van die malaria wat hy opgedoen het, herstel nie. √ | 1 |
| 9.2 | Geskoktheid./Baas besef hy en Whitey is familie. √<br><br>Ek sou baie bly/net so geskok/verbaas as Baas wees. √<br><br>*Die kandidaat gee sy eie antwoord binne konteks van die teksgedeelte.* | 1<br><br>1 |
| 9.3 | Hulle wou al twee 'n boot bou. √<br><br>Die oupagrootjie wou die Zambezi daarmee tem, Baas wou 'n toerisme-besigheid op die rivier begin./<br>Baas het na Manaka gekom om in sy oupagrootjie se voetspore te volg en sy oupagrootjie wou Manaka evangeliseer. √√ | 1<br><br>2 |
| 9.4 | Die ellips beklemtoon die onsekerheid/besef waartoe Baas gekom het. √<br><br>Dit is geslaagd omdat Baas huiwerig/opgewonde is dat hy meer van sy oupagrootjie kan uitvind. √<br><br>*Indien die kandidaat "NEE" as antwoord aanbied, verstaan hy/sy nie die boodskap wat die skrywer wil oordra nie.* | 1<br><br>1 |
| 9.5 | Hy gaan 'n sendeling word./Hy gaan soos 'n sendeling op Manaka optree./ Baas gaan sy Christenskap erken. √ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 9.6 | Ja, die Zambezi-rivier speel 'n belangrike rol in Baas se lewe.<br>As klein seuntjie was hy al gefassineer deur bote en het hy gedroom om die Zambezi te tem./<br>Dit is in die waters van die Zambezi wat hy malaria opdoen./<br>Dit is op die Zambezi wat hy op sy oupagrootjie se voetspore terugloop. √√<br><br>*Kandidaat kan enige TWEE antwoorde gee.* | 2 |
| 9.7 | Hy het nie een enkele skoenlapper in Afrika gevang nie./Die droom om 'n boot te bou/terug te gaan Barotseland toe is nie verwesenlik nie. √<br><br>Hy het wel 'n sendingstasie gestig/'n skooltjie gestig/mense leer lees en skryf/vleis aan die gemeenskap verskaf. √ | 1<br><br>1 |
| 9.8 | Baas het hulle gehelp deur malariapille te gee.<br>Baas het vleis aan die plaaslike bevolking verskaf.<br>Baas het die kerk help bou.<br>Baas help Johnnie om sy vrou en kind terug te kry.<br>Baas ry die pale aan vir die khuta. √√√<br><br>*Kandidaat kan enige DRIE antwoorde gee.* | 3 |
| 9.9 | Dit maak Baas en sy oupagrootjie deel van die gemeenskap/hulle voorsien buffelvleis aan die gemeenskap. √<br><br>Dit bevestig baasskap./Jy kap die buffelhorings vas en merk so jou terrein./dra tot die gemeenskapsgevoel by. √<br><br>Baas skiet Morena en spyker sy horings teen die ingang vas as simbool dat hy op Manaka gaan bly. /Baas gee ook buffelsvleis aan die gemeenskap. √<br><br>Die titel van die roman is *Manaka, Plek van Horings,* wat na die buffelhorings/sendingstasie kan verwys en 'n aanduiding van die ruimte/intrige is. √ | 1<br><br>1<br><br>1<br><br>1 |
| 9.10 | Wat maak van jou 'n Christen? √ | 1 |
| 9.11 | Baas se oupagrootjie het 'n skooltjie begin/kerk gehou. √<br>Baas (die kleinseun) het planne vir toerisme in die wildernisgebied gehad. √ | 2 |
| 9.12 | Die roman handel oor Baas./<br>Hy speel 'n belangrike rol in Manaka./<br>Hy is die tweede Joseph./<br>Die tema (Christenskap) handel om die karakter Baas./<br>Sy verhoudings met ander karakters, bv. Grace/ouma Essie speel 'n belangrike rol in die roman./<br>Hy is verantwoordelik vir die uitbeelding van die tema van medemenslikheid/ liefde. √√<br><br>*Kandidaat kan enige TWEE antwoorde gee.* | 2 |
| | | **25** |

**OF**

**VRAAG 10: LITERÊRE OPSTEL** ***Vatmaar*** **– AHM Scholtz**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR DIE LITERÊRE OPSTEL: ROMAN EN DRAMA** nagesien.

**LET WEL:**

- Dis ’n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Die kandidaat hoef nie aanhalings te gee nie, maar moet wel uit die teks motiveer.

Die kandidaat voorsien die literêre opstel van ’n gepaste inleiding, bv.

- Die gebeure in tant Wonnie se lewe het haar sterk en selfstandig gemaak.

- Tant Wonnie aanvaar haar ontslag uit die diens van die De Bruins met grasie omdat sy weet dit was hulle wat verleë was./Bl. 134: *Toemaar, daar was ’n dag wat jy my nodig gehad het, …*
- Tant Wonnie is moreel sterk, want sy verset haar teen Piet de Bruin se attensies./Bl.135*: ... en toe byt ek met al my krag.*
- Tant Wonnie was nie bang om op te staan vir wat verkeerd was nie, want sy staan haar man teen mev. De Bruin wat Kaaitjie vir mev. Bosman gee./Bl. 135: *... jy het geen reg om my kind vir die Bosmans te gee nie ...*
- Tant Wonnie was een van die armstes op Vatmaar, want sy is gedwing om haar groot huis te verkoop en in ’n agterkamer te bly./Bl. 110: *Hulle het op ander se genade in ’n buitekamer gebly wat eens op ’n tyd aan hulle behoort het.*
- Tant Wonnie was ’n trotse vrou, daarom dat sy die waterput vir slaggoed verkoop het./Bl. 111: *Hy het ’n koei en kalf daarvoor betaal.*
- Tant Wonnie het medisyne van die wilde knoffel gemaak, dus kon sy wat sy ookal daarvoor gekry het, gebruik om onafhanklik van aalmoese te leef./Bl. 111: *Tant Wonnie wou nooit sê hoeveel die medisyne kos nie. Sy het net gesê gee wat jy wil.*
- Tant Wonnie is ’n sterk vrou, omdat sy ’n onwrikbare geloof het en uit dankbaarheid leef./Bl. 112: *Elke aand as hulle die kooigoed oopgerol het, was dit weer: Dankie Vader, vir die gesondheid wat ons vandag ontvang het./*Bl. 112: *Sy het dit geglo soos sy dit gehoor het en nooit enige vrae gevra nie.*
- Tant Wonnie het nooit nodig gehad om vir iets te bedel nie, want sy was die wasvrou en het so kos in die huis gebring./Bl. 112: *Tant Wonnie was ’n wasvrou ... Dit was die meeste van die tyd in ruil vir iets om te eet ...*
- Tydens haar grootste vernedering – die arrestasie – het sy haar kop hoog gehou, omdat sy haar tot God gewend het./Bl. 127: *God help my.*
- Tant Wonnie se geloof word tydens haar grootste vernedering – die arrestasie – versterk, want sy het besef sy moet God as haar Vader aanvaar./Bl. 130: *Soek eers die Koninkryk van God binne-in jou want Ek woon in jou.*
- Die aanloop tot die hofsaak het tant Wonnie nader aan haar Maker gebring, want hy het haar van haar trots verlos en daarvoor prys sy Hom./*... ek dank U vir die klein prys wat ek nou betaal oor ek vandag van my trots verlos is, ...*
- Tant Wonnie was anders as al die ander misdadigers, daarom het die magistraat alles in sy vermoë gedoen om haar te help./Bl. 180: *Come to my office, the court will grant you your marriage certificate.*
- Die hofsaak het daartoe gelei dat tant Wonnie finansieel onafhanklik geraak het, want nadat die magistraat aan haar ’n huweliksertifikaat uitgereik het, kon sy nou ’n oorlogspensioen ontvang./Bl. 180: *Die magistraat het geweet sy sou nie sonder ‘n trousertifikaat vir ’n war widow’s pension kwalifiseer nie.*

- Die hofsaak het vir Tant Wonnie groter menswaardigheid gegee, want sy word met respek behandel en ontvang klere en skoene./Bl. 180: *see that this woman receives a new pair of shoes and a dress*.
- Tant Wonnie het nou oor die toekoms gedink, want voor die hofsaak het sy die toekoms net gevat soos dit kom./het nie voorsiening vir die toekoms gemaak nie. Bl. 193: *Want daar is vooruitsigte vir 'n war-widow's-pension*.

**Slotparagraaf**

Die kandidaat voorsien die literêre opstel van 'n gepaste slotparagraaf, bv.

- Tant Wonnie se omstandighede het haar net sterker gemaak, dit kon haar nie onderkry nie.

**25**

**OF**

**VRAAG 11: KONTEKSTUELE VRAAG *Vatmaar* – AHM Scholtz**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 11.1 | Die gebruik van verskillende vertellers beklemtoon dat die storie oor die verskillende karakters in Vatmaar handel./Elke persoon kan sy/haar eie storie die beste vertel. √ | 1 |
| 11.2 | Nellie se pa het saam met Tommy gewerk. √ | 1 |
| 11.3 | Hy het 'n belangrike werk gehad/hy het 'n wit pa gehad. √<br><br>Sy was trots om hom te ken, maar hy was nie trots om haar te ken nie. √ | 2 |
| 11.4 | Elsa is rassisties. √<br><br>Hy sê vir Nellie sy behoort aan hom. √<br><br>Net soos die titel beteken dat hul alles kan vat, het Tommy ook gedink hy kan Nellie net vat. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 11.5 | Nellie moes Lukas verlei. √<br><br>Nellie se pa het haar nie meer toegelaat om aan die Bybel te vat nie. √<br><br>Lukas het Nono verloor. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 11.6 | Dié woorde maak die tema van liefde en haat in 'n diverse gemeenskap/ rassisme net meer realisties. √<br><br>Ek hou nie daarvan nie, want alle mense verdien om met liefde behandel te word/is gelyk./<br>Ek sien niks daarmee verkeerd nie, want daar is mense wat 'n weersin by jou wek./wat sterker en beter as ander is. √ | 1<br><br>1 |
| 11.7 | Hy was aanvanklik bevooroordeeld teenoor swart mense, √ maar dan het sy siening rondom hulle verander. √ | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 11.8 | Anglo-Boereoorlog/Tweede Vryheidsoorlog. √<br><br>Ma Khumalo het ook haar familie verloor. √<br><br>Hy veg nou vir die mense wat sy familie vermoor het en nie teen hulle nie. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 11.9 | Bob White noem Norman ’n *dirty* boer. √<br>Hy was nie veronderstel om iemand te beledig nie. √<br><br>Bob White trap op sy kaal toon met sy skoen. √<br>Hy is nie veronderstel om iemand af te knou nie. √ | 1<br>1<br><br>1<br>1 |
| 11.10 | Omdat hy ’n gemis aan sy ma het, tree hy beskermend teenoor Ma Khumalo op. √<br><br>Teerheid/Deernis/Liefdevolheid √ | 1<br><br>1 |
| 11.11 | Tommy se optrede teenoor Nellie staan in kontras met dié van Norman teenoor Ma Khumalo./<br>Elsa √ se optrede teenoor Nellie √ staan in kontras met dié van Norman teenoor Ma Khumalo. | 2 |
| | | **25** |

**TOTAAL AFDELING B: 25**

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag.

### VRAAG 12: LITERÊRE OPSTEL *Krismis van Map Jacobs* – Adam Small

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR DIE LITERÊRE OPSTEL: ROMAN EN DRAMA** nagesien.

**LET WEL:**

- Dis ’n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Die kandidaat hoef nie aanhalings te gee nie, maar moet wel uit die teks motiveer.

Die kandidaat voorsien die literêre opstel van sy eie inleidingsparagraaf, bv.

- Die inwoners van die Kaapse Vlakte kan nie van hul ruimte en omstandighede ontsnap nie.
- ’n Deel van die bruin gemeenskap is van Distrik 6 verskuif, want dié woongebied is as ’n wit gebied verklaar./Bl. ix: Die Groepsgebiedewet van 1950 het bepaal dat verskillende gebiede in stede en dorpe eksklusief aan verskillende rasse toegeken moes word.
- Die gevolg was dat die ander rasse verhoed is om in gevestigde buurte te woon of ondernemings te bedryf omdat hierdie gebiede as “wit” gebiede verklaar is./*Yt Claremont en yt Woodstock yt ge-bulldoze ... toe, Coloureds, yt, yt – gaan bly daar'so, daarso annerkant*
- Die gemeenskap is nie ontwikkel nie, want die lot van die bruin mense is dikwels oor die hoof gesien./bl. x: Small noem hulle die dispensables – hulle lot gaan nie verander nie./Bl. 50: *Never mind lat julle nie amenities en facilities in die township het nie! Dááis group areas legislation, mister Cavernelis. Group areas, ha! More like prisons, big bloody prisons!*
- Vanweë hul sosio-ekonomiese omstandighede kan hulle nie die *township* verlaat nie, want hulle het nie geld om in een van die beter woonbuurte te gaan woon nie./Bl. 50: *Jy't nou ’n opportunity ge-strike om geld te maak, but the others? The others? ... Under the bread-line, man.*
- Cavernelis word gedryf/het ’n strewe om van die Kaapse Vlakte te ontsnap, want hy doen twee werke om genoeg geld te verdien./Bl. 1: *Hy't net die een ding op sy mind, soes ’n obsession, 'n obsession.*
- Cavernelis woon in ’n woonstel in ’n omgewing waar hulle vanweë die misdaad nie veilig voel nie./Bl. 1: *Hy sluit die fiets en ketting dit aan die traliewerk.*
- Cavernelis beaam teenoor La Guma dat hulle in die *township* vasgevang is, want in die *township* leef hulle in armoede en kan nie daarvan ontsnap nie./Bl. 50: *En hulle move nooit op nie! Liewerste ónner toe! Kyk, jy word hierso gebore onder die bread-line ... en jy vrek hierso ónner die bread-line ...*
- Maud se tronk is hul woonstel aangesien sy nooit uit die woonstel gaan nie, want sy bespied almal deur die vensters./Bl. 16: *Spy op ’n mens! Loer deur die gidyne!*
- Toe Maud jonger was, wou sy ook waarskynlik uit die *township* ontsnap, want sy het nes Blanchie modelwerk gedoen wat nie uitgewerk het nie./BL. 53: *Trust me, I've been through it all ...*

- Die strewe van die Cavernelisse hou hulle geïsoleerd van die res van die gemeenskap, want *Mister* Cavernelis kom van die Boland/*up-country*./Bl. 16: *Betere mense kamma as ons!*
- Blanchie poog ook om uit haar omstandighede te ontsnap, omdat sy modelwerk doen om ekstra geld te verdien./Bl. 18: *Beauty competitions, like, vi' Blanchie ... en dan kry sy mos so-called contracts ... Modelling, like!*
- Map het vir Ivan Philander vermoor, want dié het Klein-Meisie verwurg nadat hy haar verkrag het./Bl. 34: *Klein-Meisie het net daar gelê. Sy't nog half gelewe, maar sy was klaar dood gewurg. Ek het gevoel hoe Ma kyk vi' my ... En toe sien ek oek 'it was vir Ivan Philander wat ek doodgestiek het ...*
- Map Jacobs het verantwoordelikheid vir sy dade geneem, want hy gee homself aan die polisie oor./Bl. 35: *Ek het vir Ivan Philander doodgestiek, nou net. Toe hou ek my hande yt, vi' die boeie ...*
- Map is in 'n geestelike/figuurlike tronk na sy vrylating op parool, want die gemeenskap het hom nie vergewe/aanvaar nie./Bl. 46: *Die band nét so, Oompie Paulsen-hulle ... even hulle net so, dieselde ... Map Jacobs, obviously, sal die band nou 'n naam gee, so steer ma' clear van Map Jacobs af.*
- Map is weer in dieselfde omstandighede as voorheen vasgevang, want hy kan weer nie werk kry nie./Bl. 45: *Hulle vat jou nie so nie! Hulle accept jou nie so nie!*
- Die suggestie dat Map, die leiersfiguur, hierdie keer 'n positiewe rol as gemeenskapsleier sal speel, lê in die slottoneel opgesluit, omdat Antie Grootmeisie hom vergewe en die klank van die saksofoon kan in die agtergrond gehoor word./Bl. 62: *Hulle kyk vir mekaar - Map en Antie Grootmeisie. Dan wend Map sy oë af en hy hoor - en óns hoor - die saxofoon, soos hy dit gespeel het, voorheen. Hy luister. Sy glimlag. Dan, terwyl hy Blanchie vashou, kniel Map - hy val half - voor Antie Grootmeisie neer.*
- Cavernelis het op 'n ironiese wyse uit die "tronk" ontsnap, want hy het met sy fiets voor die trein ingery met die suggestie dat hy selfdood gepleeg het./Bl. 61: *By die crossing, toe kom die trein ... toe stop ek, ek dink toe mister C gaan oek ... ek mien stop ...*
- Blanchie en Maud bly op die Kaapse Vlakte in hul omstandighede vasgevang, want hulle sal, na Cavernelis die broodwinner se dood, nie oor geld beskik om te kan verhuis nie./die Cavernelisse is verneder na die mislukte modelleerkontrak./Bl. 55: *Ek het maar net my beste ... geprobeer ... al die jare ... vir julle ... ek meen, vir 'n ordentlike plek van ons eie …*

Die kandidaat voorsien die literêre opstel van 'n eie slotparagraaf, bv.
- Sosio-ekonomiese en politieke omstandighede, maar ook die keuses wat die karakter uitgeoefen het, kan 'n sterker tronk wees as die tronk vir misdadigers.

**25**

**OF**

**VRAAG 13: KONTEKSTUELE VRAAG *Krismis van Map Jacobs* – Adam Small**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 13.1.1 | Hy het hom as Johnnie geken voordat hy die bendeleier Map geword het./ Die karakter was eers as Johnnie bekend, maar na sy vonnis/betrokkenheid by bendebedrywighede het hy die naam Map gekry. √ | 1 |
| 13.1.2 | Soeke na identiteit/ontworteling van die gemeenskap/misdaad/ sosiale probleme op die Kaapse Vlakte. √ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 13.2 | Daar was sewe bendelede by die aand se gebeure betrokke./<br>Na sewe jaar gaan Map weer vir Blanchie sien./kan Map en Blanchie hul verhouding hervat./sluit Map sy tronkstraf af en sal nie weer tronk toe gaan nie./<br>Map is na sewe jaar in die tronk op grond van sy goeie gedrag op parool vrygelaat./<br>Map het die tronkstraf oorwin nes die sewekoppige draak oorwin word./<br>Sewe is die simboliese/volmaakte getal wat impliseer dat Map vir sy sondes betaal het./<br>Map is op die sewende van die maand vrygelaat. √√√√<br><br>*Die kandidaat kan enige vier antwoorde aanbied.* | 4 |
| 13.3.1 | ’n Tronk √<br><br>Hy het Ivan Philander doodgemaak. √ | 1<br><br>1 |
| 13.3.2 | Miss Africa het vir Map positief beïnvloed, want:<br>Sy het hom aangemoedig om te bieg/uit te praat.<br>Sy het hom gelei om verantwoordelikheid te neem,<br>Sy het hom gehelp om vir werk aansoek te doen/na onderhoude toe te gaan.<br>Sy het hom gehelp om vir parool in aanmerking te kom na sy goeie gedrag. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE redes aan vir een punt elk.*<br>*Negatiewe beïnvloeding is nie korrek nie.* | 2 |
| 13.4 | Ivan Philander √<br>Gappie Martin √<br>Richie √ | 3 |
| 13.5 | Cavernelis √<br><br>Hy probeer vrede maak tussen Cyril, Richie en Cavernelis./Hy probeer Cavernelis beskerm toe hy oor sy hoogmoed/Blanchie se werk aangeval word. √ | 1<br><br>1 |
| 13.6 | Hy het, teen die verwagting in, nie teen Cavernelis opgetree omdat hy toegelaat het dat Blanchie misbruik word nie./<br>Map het die kersorkes se besluit aanvaar dat hy nie meer ’n plek in die orkes het nie./<br>Map het genade vir Blanchie wat sê dat sy vuil is./<br>Map vra vergifnis vir sy dade. √√√<br><br>*Drie antwoorde word vir een punt elk aangebied.* | 3 |
| 13.7.1 | Sy is besig om hom te spot oor hoe die mense van die *Cape Flats* vir Cavernelis lag wanneer hy *soft goods* verkoop om hulle met hul droom te help./<br>Sy ondersteun nie haar man met sy twee werke nie, maar spot ook met hom. √ | 1 |
| 13.7.2 | Bespotting/histerie √ | 1 |
| 13.8 | Cavernelis dink dat hy beter as die ander mense is./<br>Cavernelis sluit sy fiets met kettings toe./<br>Cavernelis is nie tevrede om in die *township* te bly nie, hy wil uit./<br>Cavernelis laat toe dat Blanchie misbruik word. √√√<br><br>*Drie antwoorde word vir een punt elk aangebied.* | 3 |

| | | |
|---|---|---|
| 13.9 | Cavernelis wil graag glo dat hy suiwer Afrikaans praat/*Hoge Afrikaans*/die taal van die Boland praat, maar hy gebruik tog ook taal van die Kaapse Vlakte./ Cavernelis praat, anders as die mense op die Kaapse Vlakte, suiwer Afrikaans en hy pas dus nie in by die ander mense wat Kaapse Afrikaans/die taal van die Kaapse Vlakte praat nie. √ | 1 |
| 13.10 | Ja, hulle voel nie in die gemeenskap tuis nie./Albei aanvaar die situasie, maar met baie pyn. √<br><br>**OF**<br><br>Nee, dis belangrik om deel van jou bure/gemeenskap te wees en nie te dink jy is beter as ander mense nie./Elkeen maak sy eie keuses en moet dit aanvaar.√<br><br>*Die kandidaat gee sy/haar eie gemotiveerde antwoord binne konteks van die drama.* | 1 |
| | | **25** |

**OF**

**VRAAG 14: LITERÊRE OPSTEL *Mis* – Reza de Wet**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR DIE LITERÊRE OPSTEL: ROMAN EN DRAMA** nagesien.

**LET WEL:**
- Dis ’n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Die kandidaat hoef nie aanhalings te gee nie, maar moet wel uit die teks motiveer.

| |
|---|
| Die kandidaat bied ’n inleidingsparagraaf aan, bv.<br>• Die sirkus en Miem en Gertie se omstandighede vonnis hulle tot ’n lewenslange tronkstraf.<br>• Miem word deur die sirkus gevange gehou, want die vensters en deure word nie oopgemaak vir die bose sirkusmusiek nie en die gordyne word teen die liggies toegetrek/die sirkus is boos./Bl. 7: *En vir wat loer jy deur die gordyne?/*Bl. 9: *Maak toe die deur en sluit dit.*<br>• Gertie kon nie die sirkus weerstaan nie, want sy hunker na die eksotiese/sensuele bestaan van die sirkusmense./is gefassineer met die mense wat by die sirkus werk./het ’n sensuele sy wat net verskoning soek om uit te kom./Bl. 12: *Ek wil nog langer kyk, maar die mense druk teen my.*<br>• Miem se gevangenisstraf begin wanneer Gabriël hom na die solder onttrek, want Miem moet nou die rol van die man oorneem en Gabriël versorg./Bl. 6: *So dertig perdemis en tien vark. Ja, ons doen goed die maand./*Bl. 22: *Sy moet hom met hand en mond bedien ...*<br>• Miem word vasgekluister in haar huis, want alles buite die huis is boos en onveilig./ Bl. 6: *Vannag moet ’n mens jou ore oophou. En jou oë. Die gevaar is oral.*<br>• Alle deure word gesluit, want daar word gevrees vir die “ding” wat gaan gebeur./Bl. 6: *Die gevaar is oral.* |

Kopiereg voorbehou 

- Miem se gesondheidstoestand lê haar beweging aan bande, want sy het water op die knieë./Bl. 4: *Sug, tel haar voet op en laat dit op 'n stoel rus./Bl. 22: Suikersiekte en water op die knieë.*
- Haar vrees vir die bose maak haar blind, want dit weerhou haar om die bose te herken./Bl. 33: *Ek sien ... u dra tog ons belange op die hart.*
- Miem se uiterse konserwatisme hou haar gevange, want sy beskou die sirkus as boos en misgun haarself om na die sirkus te gaan kyk./Bl. 7: *Dit is 'n euwel!!*
- Miem se naïwiteit t.o.v. die moordenaar se jaarlikse terugkeer hou haar gevange in haar huis, want sy sluit hulle toe./Bl. 5: *Slotte en grendels. Luike toegespyker.*
- Miem se neurotiese vrees vir "bose onheil" maak van haar 'n gevangene in haar eie huis, want sy sit agter slot en grendel./Bl. 15: *... maar vannag moet 'n mens versigtig wees.*
- Haar skynheiligheid hou haar gevange, want sy wil meer weet van die sirkus, maar kan nie openlik uitvra nie./Bl. 11: *Nou vertel vir ons van die arme skepsels, Gertie.*
- Die afwesigheid van Gabriël in Miem se lewe maak van haar 'n gevangene, want sy is seksueel gefrustreerd./Bl. 48: *As mens gewoond is aan ... is dit moeilik om te bly, so sonder 'n man.*
- Gertie is 'n gevangene, want sy probeer Miem plesier ten koste van wat sy wil hê./Bl. 11: *Sien ... ek wou na hierdie arme skepsels kyk ... hierdie armsalige en gebreklike wesens ... sodat ek my seëninge kan tel.*
- Gertie is vasgevang in 'n eensame bestaan, want haar voorkoms (vaal, middeljarig) help nie juis om haar aantreklik vir die teenoorgestelde geslag te maak nie./Bl. 9: *Vanaand is nie 'n aand om alleen te wees nie./*Bl. 44*: raak aan haar yl haartjies.*
- Gertie is vasgevang agter die skans van fisieke gesondheid en vars lug, want so kan sy van haar onderdrukte en seksuele frustrasies ontslae raak./Bl. 9: *'n Warm stoof is ongesond./*Bl. 9: *(Begin baie vinnig op een plek trippel terwyl sy haar arms heen en weer swaai./*Bl. 44: *Dis al die oefening. Dit hou my fiks./*Bl. 40: *Kyk maar vir my. My hande is nooit koud nie. Tot my tone is warm.*
- Haar skynheiligheid hou haar gevange, want sy is baie geïnteresseerd in die sirkus maar gee voor dat sy nie is nie./Bl. 11: *... ek wou na die arme skepsels gaan kyk ... sodat ek my seëninge kan tel./*Bl. 39: *Wat anders kon ek maak? Ek wou net die straat oorsteek toe kom hulle verby.*
- Gertie se vrees vir Miem/onderdanigheid aan Miem hou haar gevange, want Konstabel bied aan haar bevryding, maar met die koms van Miem hardloop sy weg en kom later terug./Bl. 47: *Sy gryp haar bloes en haarnaalde van die tafel af en verdwyn vinnig deur die agterdeur./*Bl. 48: *Haar bloes is weer netjies toegeknoop.*
- Ek dink daar is vandag nog mense wat hulself tronkstraf oplê, net omdat hulle nie die moed het om uit 'n verhouding te breek nie. Hulle is maar tevrede om soos Miem, in 'n verhouding te bly sonder dat dit iets tot hul menswees bydra.
- Daar is ook mense wat vandag vasgevang is in 'n sekere kultuur/godsdiens wat hul vryheid aan bande lê. Net soos die Calvinistiese grootmaak Miem en Gertie aan bande gelê het, kry ons vandag vroue in alle kulture wat aan bande gelê word.
- Siekte kan 'n mens ook aan 'n huis of bed kluister. Net soos Miem, is jy dan gevonnis tot 'n lewenslange tronkstraf.
- Vandag is daar ook nog dames wat as gevolg van hulle eie engheid, seksueel gefrustreerd en onderdruk is in 'n opgelegde tronkstraf. Dit is dus nie net tot die drama *Mis* beperk nie.
- Hierdie lewenslange tronkstraf is dus aktueel.

Die kandidaat bied 'n gepaste slotparagraaf, bv.

- Miem en Gertie is deur hul siening van die sirkusliggies en hul lewensomstandighede gevonnis tot 'n lewenslange tronkstraf.

**25**

**OF**

**VRAAG 15: KONTEKSTUELE VRAAG** ***Mis* – Reza de Wet**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 15.1 | Hy is daar om Meisie te ontvoer. √ | 1 |
| 15.2 | Dit is die nag waarop die meisies verdwyn het./Dit is 31 Augustus – op dié datum is almal versigtig. √ | 1 |
| 15.3 | Sy is bang/voel gespanne/bevrees/weet dat Konstabel hulle sal kan beskerm. √<br><br>Miem is 'n sterk/vreeslose/onverskrokke vrou, √ maar die handeling dui daarop dat sy bang is/nie onverskrokke is nie. √ | 1<br><br>2 |
| 15.4 | Gertie is 'n oujongnooi wat nog hoop op 'n man/laaste geleentheid. √<br>Gertie is seksueel gefrustreerd en Konstabel kan haar uit haar situasie verlos. √ | 2 |
| 15.5 | Sy probeer die gesin beskerm deur nie dadelik die deur op 'n onheilsnag oop te maak nie. √<br><br>Die pa het hom op die solder toegesluit. √<br><br>Die Depressie./Die pa het sy plaas verloor. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 15.6 | Albei verteenwoordig die bose/bevryding. √<br><br>Hy laat al drie dames teen hul aard optree./Hy bevry al drie dames van hul vasgevangenheid. √ | 1<br><br>1 |
| 15.7 | Sy uniform. √ | 1 |
| 15.8 | Dit dui op haar flankeerdery met Konstabel. √ | 1 |
| 15.9 | Voor *gerus* is die stemming gemoedeliker/ontspanne, maar daarna raak dit gespanne/sensueel gelaai. √ | 1 |
| 15.10 | Toe Meisie van 'n skaam, onseker meisie na die dansende vlinder verander. √ | 1 |
| 15.11 | Teks 1 : So 'n man kan 'n mens vertrou. √<br>.<br>Teks 2: En dit sou alles te wyte wees aan al die gewillige en dapper geregsdienaars. (*Giggellaggie)* Soos u. √ | 1<br><br>1 |
| 15.12 | Gertie voer suggestiewe dansbewegings uit. √<br>Sy trek haar bloes uit en staan in haar onderklere voor Konstabel. √<br><br>Gertie sien Konstabel as 'n kans op haar bevryding./Konstabel betower haar sodat sy teen haar aard optree. | 2<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 15.13 | Hy bevry Meisie en Gertie/Miem. √√<br><br>Meisie se bevryding is geloofwaardig, want sy gaan saam met Konstabel weg. √<br>Gertie se bevryding is nie heeltemal geloofwaardig nie, want Konstabel bevry haar nie heeltemal nie. Sy keer terug as dieselfde Gertie. √/<br>Miem se bevryding is nie geloofwaardig nie √/ want sy is nog steeds in haar omstandighede vasgevang. √ | 2<br><br><br><br><br><br>2 |
| | | **25** |

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

**AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD** | **8–10** | **6–7** | **4–5** | **2–3** | **0–1** |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>**7 PUNTE** | Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>-Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is<br>-Uitstekende begrip van die genre en gedig | -Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>-Respons redelik gedetailleerd<br>-Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>-Begrip van genre en gedig duidelik | -Redelike interpretasie van die onderwerp.<br>-Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>-Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>-Basiese begrip van genre en gedig | -Onbevredigende interpretasie van die onderwerp<br>-Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie<br>-Onvoldoende begrip van genre en gedig | -Geen begrip van die onderwerp nie<br>-Geen verwysing na die gedig nie<br>-Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie |
| **STRUKTUUR & TAAL**<br><br>Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>**3 PUNTE** | -Samehangende struktuur<br>-Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>-Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek<br>-Grammatika, spelling en punktuasie feitlik foutvry | -Duidelike struktuur en logiese vloei van argument<br>-Vloei van argument kan gevolg word<br>-Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | -Enkele bewyse van struktuur<br>-‘n Goed gestruktureerde logiese vloei en samehang ontbreek in die opstel<br>-Geringe taalfoute; toon en styl meestal gepas | -Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>-Argumente nie logies gerangskik nie<br>-Taalfoute beduidend<br>-Toon en styl nie geskik nie | -Struktuur swak<br>-Ernstige taalfoute<br>-Foutiewe styl |
| **VERSPREIDING VAN PUNTE** | **8–10** | **6–7** | **4–5** | **2–3** | **0–1** |

## AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD** | **12–15** | **9–11** | **6–8** | **4–5** | **0–3** |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>**15 PUNTE** | -Uitsonderlike respons: 14–15<br>Uitstekende respons: 12–13<br>-Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>-Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is<br>-Uitstekende begrip van die genre en teks | -Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>-Respons redelik gedetailleerd<br>-Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>-Begrip van genre en teks duidelik | -Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie<br>-Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>-Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>-Basiese begrip van genre en teks | -Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie<br>-Min punte wat die onderwerp ondersteun<br>-Baie min relevante argumente<br>-Weinig begrip van genre en teks | -Geen begrip van die onderwerp nie<br>-Swak poging om die vraag te beantwoord<br>-Argumente oortuig nie<br>-Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie |
| **STRUKTUUR & TAAL** | **8–10** | **6–7** | **4–5** | **2–3** | **0–1** |
| Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>10 PUNTE | -Samehangende struktuur<br>-Uitstekende inleiding en slot<br>-Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>-Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek | -Duidelike struktuur<br>-Logiese vloei van argument<br>-Inleiding, slot en ander paragrawe samehangend georganiseer<br>-Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | -Enkele bewyse van struktuur<br>-Logika en samehang is duidelik, maar met foute<br>-Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas<br>-Paragrafering meestal korrek | -Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>-Argumente nie logies gerangskik nie<br>-Taalfoute beduidend<br>-Toon en styl nie geskik nie<br>-Paragrafering foutief | -Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente<br>-Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk<br>-Styl en toon nie geskik nie<br>-Paragrafering foutief |
| **VERSPREIDING VAN PUNTE** | **20–25** | **15–19** | **10–14** | **5–9** | **0–4** |

Kopiereg voorbehou